Sing vooraf: Skrifberyming 18-1:5 (9:5)

5 Hul 't in die bloed, deur Gods genade, / hul kleed gewas, en vlekloos rein
mag hul nou in hul straalgewade / as priesters voor Gods troon verskyn;
hul mag aan Hom hul dienswerk heilig, / en altyd in sy tempel bly.
God self sal hulle daar beveilig / as Hy sy tentseil oor hul sprei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:5 (p. 425)

5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liewer is ek in u woning
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 19:4 (p. 83).

Wet

Psalm 19:4 (p. 83)

4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 2:1, 3 (p. 5)

1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

3 "Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwring?
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verdwaasde sterweling!
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon."

Skriflesing: Efesiërs 4:1-16 en Handelinge 11

Teks: Efesiërs 4:11, 12 en Handelinge 11:26

En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,"
(Efesiërs 4:11-12 AFR1953)

En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem." (Handelinge 11:26 AFR1953)

Ons wat hier bymekaar is, noem onsself Christene. Ons praat soms van iemand wat 'n "groot" Christen of 'n "goeie" Christen is.

- Wat is 'n Christen? Is daar regtig so iets?
- Is dit dalk iemand wat baie insit in sy geloof?
- Of is dit iemand wat aandag trek met al die goeie dade wat hy doen?
- Is daar verskillende grade van Christenwees?
- Hoe sien jy jouself: Is jy 'n Christen?

Kom ons kyk na 'n paar sake van belang:

1. Waar kom die naam *Christen* vandaan?
2. Waarom is die Here Jesus *Christus* genoem?
3. Is jy in diens van God?

1. Waar kom die naam *Christen* vandaan?

Die naam *Christen* is die eerste keer in Antiogië gebruik. Ons lees dit in Handelinge 11:26:

En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem." (Handelinge 11:26 AFR1953)

Die heidene het die mense wat tot bekering gekom het dié naam gegee om daarmee aan te dui dat dit mense is wat Christus volg.

- Hulle is dus vernoem na die Een wat hulle aanbid het.

Die naam Christen was baie keer as 'n **spotnaam** gebruik.

- Vergelyk byvoorbeeld Agrippa se opmerking in Handelinge 26:28.
- Hy het baie spottend vir Paulus gesê dat hy hom byna beweeg om 'n Christen te word. Die Bybel beskryf dit so:

  En Agríppa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word. (Handelinge 26:28 AFR1953)

  Agrippa sê toe vir Paulus: "Jy dink seker jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak." (Handelinge 26:28 AFR1983)

'n Voorbeeld in die Bybel waar die apostel Paulus **die naam in heilige erns** gebruik, kry ons in Romeine 16:7.

- Hy groet 'n klompie mense, maar die belangrike is dat hy aan die einde van die groet sê dat hierdie mense **reeds voor my in Christus gewees het**.
- Die 1983-vertaling vertaal dit effens anders, naamlik dat hulle **voor my al Christene geword**.

  Groet Andronícus en Júnias, my stamgenote en my medegevangenes, wat in aansien is onder die apostels en reeds voor my in Christus gewees het. (Romeine 16:7 AFR1953)

  Gee my groete ook aan Andronikus en Junias, my volksgenote wat saam met my in die gevangenis was; hulle is hoog aangeskrewe by die apostels en het voor my al Christene geword. (Romeine 16:7 AFR1983)

Dit is in hierdie geval belangrik om die twee vertalings te vergelyk, omdat dit verduidelik wat dit beteken om 'n christen te wees:

- Dit is om **in Christus** te wees.
- Dit beteken dat jy deel het aan die salwing van die Here Jesus.

Die mense wat as Christene bekendgestaan het, het dit nie maklik gehad nie.

- Die naam *Christen* was gehaat deur die gemeenskap, daarom het hulle hierdie mense skade aangedoen.
- Die samelewing het sy mes in gehad vir hulle.
- Daarom bemoedig die apostel Petrus die mense wat ly omdat hulle Christene is:

  Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.
  (1 Petrus 4:16 AFR1983)

Met die loop van die tyd het die naam *Christen* onder die gelowiges selfs 'n erenaam geword. Daarom kon Petrus die gelowiges bemoedig met die gedagte dat dit vir hulle 'n eer is om die naam *Christen* te dra.

Ons dra ook die naam van Christus – die Here Jesus Christus is ons almagtige God en Verlosser. Daarom noem ons onsself Christene.

2. Waarom is die Here Jesus *Christus* genoem?

Waarom is Jesus die Seun van God *Christus* genoem?

- Omdat Hy amptelik deur God aangestel was as Verlosser.
- Die naam *Christus* beteken dieselfde as die Hebreeuse woord *Messias* – al twee beteken *Gesalfde*.

In die baie vroeë jare was dit die gebruik dat iemand gesalf was wanneer hy bevestig is in sy diens. Dit was 'n eenvoudige seremonie: iemand het net 'n hoeveelheid olyfolie met lekkerruikmiddels in oor die persoon se kop uitgegooi, sodat dit deur sy hare en sy baard afgeloop het tot in sy klere in.

Daar is baie voorbeelde hiervan in die Bybel. Kom ons kyk vinnig na 'n paar daarvan:

- Ons lees van Aäron se salwing in Eksodus 28:41:

  Laat jou broer Aäron en sy seuns hierdie klere aantrek. Salf hulle, wy hulle en reinig hulle om vir My as priesters diens te doen. (Eksodus 28:41 AFR1983)
  (Vgl. ook Eksodus 30:30 en Levitikus 8:12).

- Die Bybel beskryf Saul se salwing in 1 Samuel 9:16:

  Môre sulke tyd sal Ek 'n man uit die land Benjamin na jou stuur wat jy moet salf as 'n vors oor my volk Israel; en hy sal my volk verlos uit die hand van die Filistyne. Want Ek het my volk aangesien, omdat sy geroep na My gekom het. (1 Samuel 9:16 AFR1953)

  Môre teen hierdie tyd sal Ek 'n man uit die gebied van Benjamin na jou toe stuur. **Jy moet hom tot regeerder oor my volk Israel salf.** Hy sal my volk red uit die mag van die Filistyne . . .

- Die Here het vir Samuel opdrag gegee om Dawid as Saul se opvolger te salf. Ons lees daarvan in 1 Samuel 16:

  Nooi Isai dan na die offermaaltyd, en Ek sal jou bekend maak wat jy moet doen, en jy moet die een vir My salf wat Ek jou sal noem.
  (1 Samuel 16:3 AFR1953)

  Nooi dan vir Isai na die offer toe. Ek sal jou meedeel wat jy moet doen. **Salf vir My dié een wat Ek jou sal beveel** (1 Samuel 16:3 AFR1983).

Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. En Samuel het klaargemaak en na Rama gegaan. (1 Samuel 16:13 AFR1953)

Samuel het die horing met olie gevat en hom voor sy broers gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk. Daarna het Samuel klaargemaak en na Rama toe teruggegaan. (1 Samuel 16:13 AFR1983)

- Ons lees in 2 Samuel 2:4 dat die burgers van Juda **Dawid tot hulle koning gesalf het** nadat Saul dood is.

  Daarna het die manne van Juda gekom en Dawid daar as koning oor die huis van Juda gesalf. Toe hulle aan Dawid meedeel en sê: Dit is die manne van Jabes in Gílead wat Saul begrawe het, (2 Samuel 2:4 AFR1953)
- Sadok, die priester, en Natan, die profeet, het **Salomo as koning oor Israel gesalf**. (1 Konings 1:34).

  . . . en laat Sadok, die priester, en Natan, die profeet, hom daar as koning oor Israel salf, en julle moet op die ramshoring blaas en sê: Mag koning Salomo lewe! (1 Konings 1:34 AFR1953)
- Van Hasael se salwing lees ons in 1 Konings 19:15:

  Maar die HERE sê vir hom: Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus, en gaan heen en salf Hásael as koning oor Aram.
  (1 Konings 19:15 AFR1953)

Net so is Jesus gesalf ("gechristus") in sy amp waarvoor God Hom gestuur het.

- Dit het openlik gebeur toe Hy gedoop is.
- **Daar is Hy gesalf met die Heilige Gees om werkend die dood se mag oor die wat Hom volg (Christene) uit te roei.**
- Dit is ook die verskil tussen die Here Jesus se salwing en al die ander salwings:
  - In al die ander gevalle was die olie wat uitgegooi is die *simbool* van die Heilige Gees.
  - Die Here Jesus is nie met 'n simbool gesalf nie. Hy is met die werklikheid – die Heilige Gees self – gesalf.

Ons het in Efesiërs 4:1 gelees dat ons deur God geroep is tot 'n bepaalde roeping.

- Die inhoud van hierdie roeping is geloof in Christus: om Christene te wees.
- Dit is dieselfde as om gesalf te wees tot diens aan God.
- Ons is "gechristen" tot die geloof.
- Ons lewenswandel moet in ooreenstemming wees met die roeping wat ons van God ontvang het.

3. Is jy in diens van God?

***Christen* is 'n naam wat ons aksie om Christus te volg in diens van God aandui.**

- Daar kan dus nie iets wees soos 'n passiewe Christen nie.
- Iemand kom sy roeping om God te dien na, of hy kom dit nie na nie.
- Die werke van jou hele lewe moet gedurig getuig dat jy die Here Jesus volg en jou roeping uitleef.
- As dit nie gebeur nie, dan is jy nie 'n Christen nie.

Mense wat **nie Christene is nie**, word ook by implikasie in Efesiërs 4 beskryf. Kom ons toets onsself daaraan. Kortliks:

- Hulle is mense wat nie hulle funksie in die kerk vervul nie en sodoende nie die liggaam van Christus in liefde opbou nie.

- Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met ’n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is te doen.
- Hulle hou aan om te lewe soos hulle vroeër gelewe het; hulle breek nie met die ou, sondige mens in hulle wat deur sondige begeertes verteer word nie.
- Hulle lewe nie as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is nie – hulle lewe heeltemal teen die wil van God en daarom is hulle onheilig.
- Hulle is mense wat nie die valsheid afgelê het nie, en wat nie onder mekaar die waarheid praat nie, want hulle is nie lede van dieselfde liggaam as ons wat werklik Christene is nie.
- Hulle is mense wat verbittering in hulle ronddra of opvlieënd is of woedend word; hulle vloek of skel; hulle doen wat sleg is.

In Efesiërs 4 beveel die Here baie duidelik sy Christene om nie hierdie dinge te doen nie. Daarom is die Christene anders.

- In Efesiërs 4:11 noem die apostel gawes wat die Here aan sy kerk gegee het, naamlik die van apostels, profete, evangeliste, herders en leraars.
- Hulle werk is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens (waartoe hulle gesalf is) aan God.
- Kom ons sê dit in ander woorde: Hulle moet mense in beweging bring om die dinge wat God van hulle verwag, spontaan te doen.
- Dit is dinge soos wat dit in hierdie hoofstuk geskryf is:
    - Hulle moet nederig wees,
    - altyd beskeie wees,
    - vriendelik en geduldig,
    - mekaar in liefde verdra, en
    - hulle daarop toelê om die eenheid wat die Gees tussen hulle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

Die Here se doel met al hierdie dinge is om die **gelowiges toe te rus vir hulle diens aan God en vir die opbou van die liggaam van Christus.**

- So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God.
- Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.
- Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof.
- As Christene kwaad word, sondig hulle nie, en sluit nie ’n dag kwaad af nie.
- Moenie die duiwel vatkans gee nie.
- Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Christene is dus mense wat die liggaam van die Here opbou – wat beteken dat elke lidmaat in sy aksie as gesalfde van God tot volle uitlewing van sy diens aan die Here moet kom.

- Nou kom ons by die groot vraag waarop elkeen in sy eie hart moet antwoord: Is jy ’n Christen?
- Ken jy die Christus van God se Woord, sodat jy as sy gesalfde en navolger in jou aksie vir almal kenbaar is as ’n Christen?
- Hoe lyk jou taal/kleredrag/partytjies?

Is jy werklik teen die duiwel en sy werke, en is jou gewete skoon dat jy as gesalfde in die bloed van Jesus Christus werklik iemand is wat God aanbid en sy Naam verheerlik met jou hele lewe en kragte?

Die Here Jesus is tot ons hoogste Profeet en Leraar en tot ons enigste Hoëpriester gesalf.

- In sy salwing as Profeet maak Hy die volle raad van God oor ons verlossing aan ons bekend.
- As Hoëpriester het Hy ons verlos met die offer van sy liggaam.
- Hy doen ook voortdurend vir ons voorbidding by die Vader.
- Omdat Hy die gesalfde Koning van God is, regeer Hy oor ons met sy Woord en Gees.
- Hy bewaar ons dat die duiwel nie ons geloof ondermyn en ons afvallig maak nie.

Dit is hoe die Here Jesus as Gesalfde sy kerk bedien met die liefde van God – voluit, met liggaam en siel en met al sy krag. Jy is 'n Christen.

- Dit beteken dat jy die naam van Christus dra.
- Dit beteken ook dat jy deel aan die salwing van die Here Jesus, en daarom deel jy in die volle aksie wat van die gesalfde van die Here uitgaan.
- Elke Christen is 'n aktiewe profeet wat die Naam van die lewende God moet bely.
- 'n Christen is 'n aktiewe priester wat homself as 'n lewende offer aan God moet wy en wat die liefde van God aan sy medegelowiges moet deurgee.
- Omdat jy die gesalfde koning van die Here is, moet jy met 'n goeie gewete teen die duiwel en sy hele ryk stry, en moet ons die ryk van die duiwel verslaan in die Naam van ons koning.

So leef en lyk 'n Christen.

Amen.

Gebed

Skrifberyming 14-1:1, 2 (nuut)

1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorvloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!

2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrewe. / Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 13 April 2008 (oggend)